LIBERTY

Own your life

# Beplan NOU vir Januarie

Die meeste mense word rondom 16 Desember betaal en ontvang dan boonop ‘n 13de tjek. Met dié dat dit midde-in die dolle feesseisoen is, word die geld gewoonlik vinnig bestee en bly baie min oor om teen Januarie vir die gewone maandelikse uitgawes voorsiening te maak – om nie eens te praat van die bykomende finansiële las van Nuwejaar nie.

As jy ‘n konsultant is, vir jouself of vir kommissie werk, sal jy waarskynlik in Januarie ‘n aansienlike daling in jou inkomste beleef. Dit is omdat feitlik geen werk gewoonlik na 16 Desember gedoen word nie en jy dus moet beplan sodat jou Desember-inkomste vir twee maande voldoende sal wees.

Aanvaar nou ‘n strategie sodat jy nie vroeg in die jaar reeds skuld moet aangaan nie.

## Januarie-begroting

Stel vir Januarie ‘n ordentlike begroting op en sit die geld wat jy gaan nodig kry, opsy. Dit is die tyd van die jaar wanneer daar groot uitgawes is soos skoolgeld (sowel as uitgawes vir boeke en skoolklere), hernuwing van jaarlikse subskripsies en lidmaatskapgelde, ensovoorts. ‘n Begroting moet dus kan rek om vir sulke uitdagings voorsiening te maak. Gee hieraan aandag voor die feesseisoen – nie aan die einde daarvan wanneer die beskikbare geld nie al die uitgawes kan dek nie.

## Hiersien jou jaarlikse begroting

Jy sal deur diensverskaffers in kennis gestel word van jaarlikse verhogings en dit is raadsaam om in jou jaarlikse begroting hiervoor voorsiening te maak. Hou ook ander waarskynlike uitgawes in gedagte, soos ‘n ekstra paar skoolskoene of nuwe klere vir jou kind wat soos ‘n rankboontjie groei.

## Koop praktiese geskenke vir Januarie

Hou in gedagte dat kleinhandelaars in die nuwe jaar gewoonlik hul *terug skool toe*-veldtogte loods en eerder as om dan behoorlik te moet opdok, waarom nie reeds in Desember praktiese geskenke gee wat sal sorg dat die finansiële las in Januarie nie so swaar is nie. Wat van skoolskoene of ‘n *‘cool’* skoolsak wat jou kind se oë sal laat blink?

## Koop grootmaat

Maak deeglik gebruik van ‘n 13de tjek deur dubbele hoeveelhede te koop en terselfdertyd die voordeel van afslag vir grootmaat te kry.

## Kies ‘n 13de tjek

Hoewel nie almal bonusse betaal nie, laat baie ondernemings hul werknemers toe om hul salarisse te struktureer sodat ‘n 13de tjek ingesluit word. Praat met jou werkgewer hieroor, aangesien dit ‘n goeie opsie is om jou te dwing om vir die einde van die jaar te spaar. Indien jy hierdie opsie uitoefen, maak seker dat jy dit oordeelkundig gebruik.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*